higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T1700**(A)**(J29)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOESIGHOUDENDE BESTUUR N5

(4110515)

29 Julie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOESIGHOUDENDE BESTUUR N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die lede van die bestuurspan is die uitvoerende bestuurders, toesighouers, niebestuurswerknemers en vakbondverteenwoordigers.

1.2 Die toesighouer moet minstens 30% van sy/haar tyd aan bestuurswerk spandeer.

1.3 Henry Fayol het geglo dat uitstaande prestasie met goeie belonings gepaard moet gaan.

1.4 In die funksionele bestuurstruktuur is die arbeidskoste dikwels laer as ander alternatiewe bestuurstrukture.

1.5 Die planne van die menslikehulpbron-departement hoef nie verander te word wanneer die onderneming verander nie.

1.6 Terwyl die sekretaresse die toesighouer se verslag tik, mag sy die tegniese besonderhede daarvan verander.

1.7 Uitstel kan stres veroorsaak.

1.8 Onopgeloste probleme in die werkswinkel sal nie tot probleme in die verkoopsdepartement lei nie.

1.9 Korrektiewe/regstellende koste is uiteindelik meer as voorkomende koste.

1.10 Insidentondersoeke is nie so belangrik soos ongelukondersoeke nie, omdat nie alle insidente tot ongelukke lei nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2: BESTUUR AS 'N WETENSKAP

Bespreek waarna Peter Drucker verwys wanneer hy van sosiale/maatskaplike en politieke probleme praat, met spesiale verwysing na twee klasse in die nywerheidsamelewing. **[5]**

VRAAG 3: ORGANISATORIESE STRUKTUUR

Noem en beskryf DRIE belangrike redes om te desentraliseer. **[6]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: INDIENSNEMING VAN MENSE

4.1 Definieer 'n *keuringstoets.* (2)

4.2 Veronderstel jy is 'n toesighouer in 'n werkwinkel en jy benodig een bekwame masjienoperateur. Jy het reeds 'n aantal aansoeke vir hierdie pos ontvang.

4.2.1 Verduidelik hoe jy vir die onderhoude sal voorberei. (5)

4.2.2 Beskryf DRIE riglyne wat jy sal gebruik om te bepaal watter applikant die mees geskikte vir aanstelling is. (3)
[10]

VRAAG 5: BEROEPSGESONDHEID EN -VEILIGHEID

5.1 Verduidelik wat 'n werknemer moet doen indien hy/sy in 'n insident betrokke is.

5.2 Bespreek die funksies van die gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordiger met betrekking tot inspeksie van die werkplek.

(2 × 4) **[8]**

VRAAG 6: VERGADERINGS

Bespreek kortliks die pligte van die voorsitter en van die sekretaris/sekretaresse gedurende 'n vergadering. **[10]**

VRAAG 7: VERBETERING VAN PRODUKSIE

7.1 Beskryf kortliks die funksie van die volgende:

7.1.1 Die GANTT-grafiek

7.1.2 Die PERT-grafiek

(2 × 4) (8)

7.2 Hoe hou die PERT-grafiek verband met die GANTT-grafiek? (2)
[10]

VRAAG 8: PRODUKSIEKOSTE

Kies die tipe koste uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (8.1–8.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.1	Die koste wat vir 'n gegewe tydperk en 'n gegewe produksiekapasiteit konstant bly, en wat nie verander indien die produksievlak toeneem of afneem nie.	A	totale veranderlike koste
8.2	Die koste wat nodig is om een eenheid te produseer. Dit word bereken deur die totale vaste koste te deel deur die aantal eenhede geproduseer. Hierdie koste daal indien die hoeveelheid geproduseer toeneem, en wissel dus namate produksiekapasiteit verander.	B	veranderlike koste per eenheid
8.3	Hierdie koste verander min of meer proporsioneel met 'n verandering in die hoeveelheid geproduseer. 'n Groter totale hoeveelheid grondstowwe sal byvoorbeeld teen 'n hoër produksievlak gebruik word as wanneer slegs klein hoeveelhede geproduseer word.	C	totale koste per eenheid
8.4	Hierdie koste bly konstant ongeag die hoeveelhede wat geproduseer word. Elke eenheid geproduseer het dieselfde koste as die vorige een.	D	vaste koste per eenheid
8.5	Dit is die somtotaal van die totale vaste koste en die veranderlike koste. Die veranderlikekoste-element veroorsaak dat koste styg namate meer eenhede geproduseer word.	E	totale vaste koste
8.6	Hierdie koste bestaan uit die vaste koste per eenheid plus die veranderlike koste per eenheid en wissel namate meer of minder eenhede geproduseer word. Hierdie koste neem af namate meer eenhede geproduseer word. Alhoewel die veranderlike koste per eenheid konstant bly, daal die vaste koste per eenheid.	F	totale koste
		G	werklike koste

(6 × 1) **[6]**

VRAAG 9: KWALITEIT/GEHALTE

Verduidelik die volgende terme met betrekking tot kwaliteitsbeheer:

9.1 Betroubaarheid

9.2 Defekte

9.3 Toleransie

9.4 Spesifikasies

9.5 Herwerk ('rework')

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 10: VERLIESBEHEER

Bespreek die volgende beginsels van die ekonomie van verliesbeheer:

10.1 Die beginsel van ekonomiese assosiasie

10.2 Die beginsel van wederkerige belang (‘reciprocated interest’)

10.3 Die beginsel van toepassing

10.4 Die beginsel van gevestigde belang

10.5 Die beginsel van wesenlike/substansiële bewyse

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 11: GRIEWE

Vergelyk die rolle van die *werkersvakbondverteenwoordiger* en die *personeelbestuurder* met betrekking tot die grieweprosedure. **[6]**

VRAAG 12: TYDSBESTUUR

12.1 Verduidelik kortliks die VIER tydstoewysingskategorieë vir die opstel van ’n tydsbegroting. (4)

12.2 Regverdig die belangrikheid van tydsbestuur vir die toesighouer. (5)
[9]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou